Lara Jobe

Uitsonderlike Kultuurprestasies

Mia Wolmarans

Besondere Kultuurprestasies

Marina Joubert

Uitsonderlike Kultuurprestasies

Megan Holm

Besondere Kultuurprestasies

Lara Jobe

Junior Kultuurtrofeë

Senior Kultuurtrofeë

Monjah Holtzhausen

KULTUUR

Uitmuntende Kultuurprestasies

Wye deelname

Uitmuntende Kultuurprestasies

Wye deelname

Graad 7 Afskeid

Wow! Graad 7 was great. Ai, en nou is dit al die afskeid, maar was dit nou nie groot pret nie of wat!! Op Donderdag 29 Oktober was al die graad 7's baie opgewonde oor die afskeid. Almal wou net ry om by Emerald Casino aan te kom. Die pad was vir ons te lank ... Van ons het begin sing en al die "padkos" was gou klaar en toe ons weer sien is ons daar. Ons het heel eerste al die diere gaan bekyk. Dit was vir ons vreeslik snaaks toe juf. Magda besluit het om na die leeus te gaan kyk en sy vir hulle brul . . . Jong ek dink haar broek het 'n bietjie baie gebewe toe die leeu vir haar terugbrul om vir haar te wys wie is nou eintlik die koning van al die diere. As juffrou haar nie boeglam geskrik het nie dan weet ek nie (ha..ha). Toe ons daar klaar is kon ons gaan swem, shop en al die ander lekker goed wat die onnies vir ons beplan het. Het ek genoem ons kon shop . . . Ja, die juffrouens het ook maar lekker saam geshop, enige girl se droom. Tot mnr. Jaco was later saam met ons in die swembad. Ek dink hy kan nie swem nie, want hy het in die babaswembad geboer. Ons almal sug, dis die einde van die dag en die bus moet nou vertrek. Ons was almal lekker moeg en van die kinders het geslaap op pad terug. Ek wil graag namens al die graad 7's van 2009 vir die onderwysers en ouers baie dankie sê vir 'n baie lekker afskeid. Julle is great !!

Chantelle Greyling